# ‘n Vaste Burg is Onse God (Afrikaans)

**1.** ‘n Vaste burg is onse God,
ons skuil in Hom, die Sterke.
Hy is ‘n vesting in die nood -
vir ewig staan Sy werke.
Al kom die bose aan
in sy oorwinnaarswaan,
ons weet by al sy lis,
sy lot is reeds beslis -
God self stel aan hom perke.

**2.** Gord ons met eie krag ons aan
dan is die stryd verlore;
net Een kan satansmag weerstaan,
deur God daartoe verkore.
Vra u sy Naam, so weet
dat Hy die Christus heet;
gaan Hy voor in gevaar,
Heer van sy eng’leskaar,
nooit is die stryd verlore !

**3.** Al storm hul ook van elke kant,
die hel se leërmagte,
die een wat sterker is, hou stand,
Hy sterk ons swakke kragte.
Veg met geweld en lis
die vors van duisternis -
ons vrees geen dood of hel;
sy vonnis is gevel,
ons is sy val te wagte.

**4.** Gods woord hou stand in ewigheid,
geen mag kan dit laat wyk nie !
Beef, satan, God voer hier ons stryd;
Sy trou sal nooit beswyk nie !
al eis jy dan ons goed,
ons dierbares, ons bloed:
dit bring jou geen gewin -
ons gaan die hemel in,
jy roof ons nooit Gods ryk nie.

Reformation Society
P.O. Box 74 Newlands 7725
Cape Town South Africa
Tel: 021-689-4480
Email: mission@frontline.org.za
Website: www.ReformationSA.org